

THE RESTORATION OF THE ORIGINAL SACRED NAME

BIBLE THE ROTHERHAM VERSION

Ek is Professor Hannes Redelinghuys (Ph.D.).(Eskat.).(Calvary Univ.).(Kanada). Van die Eerste Gemeente van YAHVAHSHUA, in Suid Afrika; Pretoria, Montana Gemeente.

1). Dit is my voorreg om u net kortliks in te lig oor hierdie besondere Antieke Hebreuse Bybel, wat in Engels geskryf (vertaal) is. Vandag in 2019; bestaan daar reeds meer as 400 verskillende “Engelse” Bybelvertalings; in die wêreld.

2). Tydens die lees van hierdie artikel gaan u verseker ontnugter word. Al wat ek doen is ek gee vir u die feite te wys; en u besluit wat u hiermee wil doen. Om in staat te wees om meer oor hierdie Oorspronklike Antieke Hebreuse Bybel, wat 1860 in “Engels” vertaal is te sê; gaan meen dat ek eers sekere “Belangrike” inligting met u moet deel, voordat u dalk hierdie Antieke Hebreuse Bybel wil bekom.

3). Verskillende Bybels is reeds uit verskillende Hebreuse en Griekse Manuskripte vertaal. Het u geweet dat daar vandag; meer as 5333 Griekse Tekste (Manuskripte) bestaan; en dat daar ook 258 Hebreuse Alfabette, en 21 “Palo-Hebrew” Alfabette bestaan? Die vraag is: Uit watter een is u Bybel uit vertaal?

4). Kom dan noem ek net gou vir u twee van ons belangrikste Afrikaanse Bybels. Het u geweet dat tussen ons Ou Afrikaanse (1933) Bybel en die 1983 Afrikaanse Bybel; het daar reeds meer as 9000 Skriftuurlike veranderings plaasgevind het, en is uit hierdie 1983 Afrikaanse Bybel van ons; is daar reeds 18 Totale versweglatings? Wat? Ja! En dan word hierdie 1983 Afrikaanse Bybel; ook die Woord van God genoem, terwyl altwee die genoemde Afrikaanse die Bybels; volgens Openbaring 22 vers 18 en 19 verklaar:

(Vers 18): “Want Ek betuig aan elkeen wat die Woorde van die Profesie van hierdie Boek (Bybel) hoor: AS IEMAND BY HIERDIE DINGE (DIE BYBEL) BYVOEG; dan sal God oor hom DIE PLAEG BYVOEG; waarvan in hierdie Boek (Bybel) geskrywe is.”

(Vers 19): “En as iemand iets van die Woorde van die Boek (Bybel) van hierdie Profesie WEGGENEEM; dan sal God sy deel wegneem uit die Boek van die Lewe en uit die Heilige Stad; en uit die dinge waarvan in hierdie Boek (Bybel) geskrywe is.”

5). Omdat ons hierdie Skrifgedeeltes verstaan, moet die vraag dan wees; **WAAROM AL HIERDIE ONBYBELSE VERANDERINGS**; tussen twee Afrikaanse Bybelvertalings? Wel, as u enigiets van Griekse en Hebreuse Bybel Manuskripte en Tekste weet; sou u onmiddellik geweet het dat die 1933 Ou Afrikaanse Bybel het sy oorsprong uit die Desiderius Erasmus Teks van 1522 gehad; wat ook geken was as die “Textus Receptus Teks.” Hierdie 1522 Griekse Teks van Desiderius Erasmus; word vertaal uit die mees oorspronklike Griekse; 2de eeuse Manuskrip naamlik die Bisantynse Teks! Hierdie Bisantynse Griekse Teks; was vir meer as 1400 jaar die enigste “Griekse Teks;” wat as die “Nuwe Testamente” gebruik was. Selfs die Rooms-Katolieke kerke, het dit in hulle eie Bybels gebruik.

6). Uit hierdie Desiderius Erasmus Teks van 1522; naamlik die Textus Receptus Teks; word vyfverskillende Bybels gebore; wat tot vandag in 2019; as die mees oorspronklike Bybels in die wêreld; deur Bybel kenners beskou word.

- 1). Die William Tyndaile Bible.
- 2). Die 1611 King James Bible.
- 3). Die Duitse Luterse Bybel.
- 4). Die Nederlandse State Bybel.
- 5) Die Ou 1933 Afrikaans Bybel.

7). In 1953 word die 1933 Ou Afrikaanse Bybel Hersien; en 'n Hersiene 1953 Afrikaanse Bybel verskyn. Hierdie Bybel WAS NIE 'n Nuwe Bybel nie; maar alleenlik 'n HERSIENE weergawe.

8). Die 1933 Ou Afrikaanse Bybel, en die 1953 Hersiene Afrikaanse Bybel; is die Enigste Bybels, wat ooit in AFRIKAANS; uit die Textus Receptus Teks vertaal was. Weet u wat? Ons 1933 Ou Afrikaanse Bybel, was 64 jaar laas deur ons eie Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gedruk, en ons 1953 Afrikaanse Bybel, was 42 jaar laas gedruk. Waarom moes hierdie twee genoemde Afrikaanse Bybel, uit ons samelewing verwyder word? WANT IN 1983 VERSKYN DIE NUWE (BETER) AFRIKAANSE BYBEL! Hierdie Agnostiese vertaalde Bybel, sou onmiddellik die genoemde Twee Ou Afrikaanse Bybels vervang.

9). Net 'n vraag: Weet u uit watter Griekse Teks is die 1983 Afrikaanse Bybel vertaal? Nie seker nie? Mag ek gou vir u verduidelik? Ja!

10). In die middel van die 19de eeu; verskyn twee Rooms-Katolieke Teoloë met die name van: Westcott en Hort. Sonder dat die mensdom dit besef het, het hierdie twee Rooms-Katolieke geleerdes die Bybel geskiedenis vir ewig kom verander. Wat het hulle gedoen? Wel., hulle skep hul eie Rooms-Katolieke Griekse Nuwe Testamentiese Teks, genoem: "The Nestle Aland Text."

11). Die vraag is nou: Wat was dan só anders? Wel., eerstens gebruik hulle vyf bestaande korrumperte Rooms-Katolieke Manuskripte. Daar word na hulle as "THE CODEX TEXT" verwys. Weet u wat beteken die woord "Kodex? Dit beteken korrup en verdraai. Hierdie vyf Kodeks Tekste word deur die Rooms-Katolieke kerk herontdek; waar dit vir meer as 'n 1000 jaar in die solders van een van die Rooms-Katolieke Kloosters gehou was. Hierdie Griekse Tekste was so korrup; dat die Rooms-Katolieke kerk, dit vir bykans 'n 1000 jaar; nooit wou gebruik nie.

12). Omdat Westcott en Hort; twee Rooms-Katolieke Priesters was, het hulle natuurlik toegang tot die Vatikaan in Rome gehad, en daar ontdek hulle dan hierdie vyf korrumperte Griekse Manuskripte. Hulle word genoem:

- A). Codex Alexandrenes.
- B). Codex Vaticanus.
- C). Codex Studegradenes.
- D). Codax Siniaticus.
- E). Codex Leningradenes.

13). Hierdie korrupte en verdraaide Griekse Tekste word die Fondasie Manuskripte vir die: “Néstle AlandTeks van 1881.” Hierdie is sekerlik die mees verdraaide en korrupte inligting; wat ooit in enige Manuskripte gevind was. Hierdie korrupte en verdraaide Néstle Aland Teks; sou die Griekse Fondasie Teks word; vir elke Bybel wat vanaf 1881 in die wêreld geskep sou word. Die eerste Bybel, wat ooit uit hierdie korrupte Griekse Teks verskyn is: “The New King James Bible Translation.” Tussen hierdie korrupte “Engelse” Bybel; en die oorspronklike 1611 King James Bible; is daar meer as 9000 Skriftuurlike veranderings, en 18 Totale Vers weglatings. Hier volg net ’n paar van die mees bekendste “Engelse” Bybels; wat “almal” uit hierdie korrupte en verdraaide; Rooms-Katolieke Néstle Aland Teks ontstaan het.

- 1). The New King James Bible (NKJ).
- 2). The New International Version (NIV).
- 3). The New American Standard Version (NASV).
- 4). The Good News Bible (GNB).
- 5). The Living Bible (NTL).
- 6). The Amplified Bible (AB).

14). So kan ek aanhou; en vir u meer as 400 “Engelse” Bybelvertalings voorhou. Kan u vir my sê; dat hierdie Nuwe Vertaalde Bybels; is die Ware Woord van God? Nooit! Met verskillende Bybel vertalings; kom grootskaalse verwarrings! Sonder dat ek dit vir u moet verduidelik; glo ek u verstaan nou waarom daar tussen ons 1933 Ou Afrikaanse Bybel; en die (Beter) 1983 Afrikaanse Bybel; 9000 Skriftuurlike veranderings, en 18 Totale Vers weglatings plaas gevind het!. Onthou tog net die Skrifgedeelte in: Openbaring 22 vers 18 en 19; wat ek reeds aangehaal het!

15). Aan die einde van hierdie gesprek; laat ek vir u 80 verskillende Skriftuurlike veranderings; en die totale vers weglatings. As u wil, kan u dit self nagaan. Net vir interessantheid ek het ook ’n anderboek geskryf: “WAAROM NÍVIERDE AFRIKAANSE BYBEL?” As u regtig moet weet wat “alles” net in ons Afrikaanse Bybels gebeur het, is ek verseker u hare sal regop staan. Dan praat ek NIE eers van die “Engelse” Bybels nie.

15). As u wil, kan u “gratis” my Referaat aflaai by: www.2016newagebybel.co.za Dit alles handeloor hierdie korrupte en verdraaide Nuwe Griekse Tekste en Manuskripte; en dit wat ons eie Suid Afrikaanse Bybelgenootskap; deur verskillende Bybelvertalings bewerkstellig het.

16). Dit was vir my uiters noodsaaklik om eers hierdie genoemde kennis met u te deel, sodat u die nodige agtergrond kan bekom, om werklik te verstaan waarom hierdie volgende “Engelse” Bybel, so uiters belangrik is. Onmiddellik moet die vraag wees. Wat maak hom so spesiaal? Wel., sy Ou Testament (Torah); is NIE uit die Rooms-Katolieke kerk, se 6de eeuse Septuaginta (LXX); ook genoem die Latynse Vulgaat, vertaal nie. Kom dan verduidelik ek kortliks.

17). Gedurende die leeftyd van Jesus Christus, (YAHVAHSHUA); beheer die Romeinse Ryk, die hele aarde. Na die Kruisiging, Begrafnis, Opstanding en Hemelvaart van Jesus Christus, (YAHVAHSHUA); bars hierdie Evangelie Boodskap van Redding; deur die Bloed van Jesus Christus, (YAHVAHSHUA); oor die aarde los. Soveel so; dat die Romeinse Ryk, vrees dat hierdie sekte, die aarde en die Romeinse Ryk gaan oorheers. Wat is die antwoord?

18). In 34 N. C., stig die Romeinse Ryk sy eie Staatskerk. Hierdie kerk word genoem: “THE ROMAN CATHOLIC CHURCH.” Waarom?

- A). Want die naam “ROMAN” verwys na “The Roman Empire.” Naamlik die Romeinse Staat.
- B). Die woord “CATHOLIC” beteken “United.” Hulle sal een Kerk wees.
- C). En die woord “CHURCH” beteken “Universal.” Wat die hele aarde sal beslaan.
- D). Wat dan sal beteken; dat hierdie Rooms-Katolieke kerk, ’n “Universele Verenigde Romeinse Staat” sal wees; wat onder ’n Godsdienstige naam sal skuil. Tot vandag in 2019; is dit presies wat gebeur. Die Rooms-Katolieke kerk, in Rome; naamlik die Vatikaan; is in werklikheid die Ou Romeinse Ryk; wat in 570 N. C., ONDER DIE GESAG van die Rooms-Katolieke kerk, inbeweeg het.

19). In die tyd van Moses; gee YAHVAH, ons Elohim, (God), vir hom die Hebreeuse Torah. Hierdie Geskrewe Wet; sal die fondasie word vir die Israelitiese Godsdienstige samelewing wat sou volg. Hierdie Torah; word ook genoem die Pentateug Boeke; of die Ses Boeke van Moses. Dit is hierdie “Geskrewe” Wette van Moses (die Torah); wat tot vandag in 2019; die ruggraat van die Ortodokse Israelitiese Volk sou wees. DIT IS HIERDIE ANTIEKE HEBREËRS GESKRIFTE; wat die verskil tussen die Waarheid en die Griekse; Rooms-Katolieke leuen sou word!

20). Terwyl die Antieke Hebreeuse “Torah, the Scriptures and the Prophets;” die Ou Testamentiese Bybel, vir eeue hierdie Woord uitgemaak het, kom die Rooms-Katolieke kerk tussen 100 tot 127 N. C., EN VERTAAL DIE EERSTE GRIEKSE VIER EVANGELIES; naamlik: Mattheüs, Markus, Lukas en Johannes.

21). In die tweede eeu, gebruik die Rooms-Katolieke kerk, die Oorspronklike Antieke Hebreeuse Ou Testament, en skep hul eie korrupte en verdraaide (Griekse) Ou Testament. Hierdie eerste Griekse Ou Testament van die tweede eeu word genoem: “DIE EERSTE SEPTUAGINTA” en is geheel en al korrupt gemaak; vergeleke met: “Die Oorspronklike Antieke Hebreeuse Ou Testament.”

22). In die sesde eeu; kom die Rooms Katolieke kerk, en uit die EERSTE SEPTUAGINTA skep hulle: “DIE TWEDE SEPTUAGINTA;” en die word genoem “DIE LATYNSE SEPTUAGINTA.” Hierdie Latynse Septuaginta word na verwys as DIE VULGAAT. Wat nog MEER KORRUP gemaak is; as die eerste eeuse Septuagint!

23). Hierdie sesde eeuse Room-Katolieke Septuagint, wat vandag geken word as die Griekse/Latynse Vulgaat; HIERDIE TEKS GEWORD GEBRUIK VIR ALLE BYBELS IN DIE WÊRELD; SE OU TESTAMENTE. Selfs ook ons eie 1933 Ou Afrikaanse Bybel.

24). Wat nie vergeet moet word nie, is dat YAHVAH, ons Elohim, (God); deur al hierdie eeue; DIE OORSPRONKLIKE WARE ANTIEKE HEBREËUSE GESKRIFTE; BEWAAR of in BEWARING GEHOU HET. Dit veroorsaak dat in 1860; ene: “Doktor Joseph Brand Rotherham;” uit hierdie Oorspronklike Antieke Hebreeuse Geskrifte; naamlik: DIE TIEN LETTER HEBREËUSE ALFABET; besluit om Hierdie Hebreeuse Geskrifte in “Engels;” te vertaal.

25). Vandag in 2019; bestaan daar reeds 258 Hebreeuse Alfabette tussen 22 tot 27 letters. Daar bestaan ook 21 “Palo-Hebreëse” Alfabette, tussen 22 en 27 letters. Die Oorspronklike Antieke Hebreeuse Bybel bestaan net uit 10 letters; volgens:

“THE RESTORATION OF THE ORIGINAL SACRED NAME BIBLE THE ROTHERHAM VERSION.”

26): Hierdie “Restoration of the Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version;” op bladsy vyf; wys vir ons dat die: “TETRAGRAMMATON;” (Die Vier Letter Woord); volgens hierdie Antieke Ou Testamentiese Bybel, in Hebreërs is dit: יהוה (Yod – Hay – Vav – Hay). In Afrikaans of Engels is dit: YHVH. Let wel: dit is YHVH en nie YHWH nie. Waarom nie YHWH nie? want in die Antieke Hebreërs; het die letter “W” nie bestaan nie!

27). As ek oor elke ding nou moet skryf; is dit moontlik dat ek nog ’n boek van 500 bladsye kan skryf. Ek het reeds die boeke: “WAT IS JOU GOD SE NAAM?” en ook: “WHAT IS YOURGOD’S NAME?” geskryf. As u onseker voel om hierdie: “The Restoration of the Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version;” Bybel; stel ek voor; koop eerder dan een van hierdie twee genoemde boeke; en vergewis uself, van hierdie Bybelse feite, en dan kry u later hierdie verskriklike belangrike Bybel.

28). Ek het reeds genoem dat ek vir u gerief; 80 verskillende weglatings en veranderings uit die 1933 Afrikaanse Bybel, gaan wys. Sou u belangstel om na dit te kyk, hier is dit.

BESTELLING BESONDERHEDE:

Kontak: Professor Hannes Redelinghuys.

Sel. no: 083 540 8352 of Rika: 0722367124 Whattapp.

E-pos: eeebybelskool@gmail.com of drhannesr@gmail.com

BYBEL VERANDERINGS

- **Die Boek Mattheüs.**

1:25 Die woord Eersgeborene is weggelaat.

6:13 Die laaste gedeelte van die Vers is weggelaat.

8:29 Die woord Jesus is weggelaat.

9:13 Die woord Tot bekering is weggelaat.

13:51 Die woorde Jesus sê vir hulle, en Here is weggelaat.

17:51 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

18:11 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

19:17 Die woord God is weggelaat.

20:7 Die gedeelte En wat reg is, is weggelaat.

20:16 Die gedeelte Baie is geroep maar... is weggelaat.

20:22 Die gedeelte En gedoop moet word is weggelaat.

23:14 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

27:35 Die gedeelte Wat deur die profeet gespreek is, is weggeneem.

- **Die Boek Markus.**

2:17 Die woorde Tot bekering is weggelaat.

6:11 Die woorde Sodom en Gomorra is weggelaat.

7:8 Die gedeelte Wassery van komme en bekere is weggelaat.

7:16 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

7:24 Die woord Here is weggelaat.

9:44 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

9: 45 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

9:49 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

10:21 Die gedeelte Neem jou kruis op is weggelaat.

10:24 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

11:10 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

11:26 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

13:14 Die woorde Profeet Daniël is weggelaat.

15:28 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

- **Die Boek Lukas.**

1:28 Die gedeelte Geseënd is u onder die vroue is weggelaat.

2:33 Die woord Josef is weggelaat.

2:43 Die gedeelte Josef en sy Moeder is weggelaat.

4:4 Die gedeelte Maar elke Woord van God is weggelaat.

4:8Die gedeelte Gaan weg agter My satanis weggelaat.

4:48 Die gedeelte Op die rots is weggelaat.

9:54 Die gedeelte Soos Elia ook gedoen het is weggelaat.

9:55 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

9:56 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

11:2 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

11:4 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

17:36 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

12:4 Dele van die Versgedeelte is weggelaat.

22:64 Dele van die Versgedeelte is weggelaat.

23:17 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

32:42 Die woord Here is weggelaat.

- Die Boek Johannes.

1:14 Die woord Eersgeborene is weggelaat.

1:27 Gedeeltes uit die Vers is weggelaat.

3:13 Die gedeelte Wat in die hemel is, is weggelaat.

3:15 Dele van die Versgedeelte is weggelaat.

4: 42 Die woorde Die Christus is weggelaat.

5:3 Dele van die Versgedeelte is weggelaat.

5:4 Die hele Vers is weggelaat.

6:69 Die woorde Dat Christus is weggelaat.

9:35 Die woorde Seun van God is weggelaat.

11:41 Die sin gedeelte Waar die oorledene lê is weggelaat.

16:16 Die gedeelte Omdat Ek na My Vader gaan is weggelaat.

17:12 Die gedeelte In die wêreld is weggelaat.

20:29 Die woord Thomas is weggelaat.

- Die Boek Handeling.

2:30 Die gedeelte Christus sou verwek is weggelaat.

7:30 Die gedeelte Engel van die Here is weggelaat.

7:37 Die gedeelte Na Hom moet julle luister is weggelaat.

8:37 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

9:5 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

9:6 Dele van die Vers is weggelaat.

10:6 Dele van die Vers is weggelaat.

15:18 Dele van die Vers is weggelaat.

17:26 Die woord Bloed is weggelaat.

20:32 Die woord Broeder is weggelaat.

23:9 Die gedeelte Laat ons nie teen God stry nie is weggelaat.

24:6 Gedeeltes van die Vers is weggelaat.

24:7 Gedeeltes uit die Vers is weggelaat.

24:8 Gedeeltes uit die Vers is weggelaat.

28:16 Gedeeltes uit die Vers is weggelaat.

28:29 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

- **Die Boek Romeine.**

1:16 Die woord Christus is weggelaat.

1:29 Die woord Hoerery is weggelaat.

8:1 Die woorde In geregtigheid is weggelaat.

10:15 Die woorde Van vrede is weggelaat.

10:17 Die woord God is weggelaat.

11:6 Die laaste gedeelte van die Vers is weggelaat.

13:9 Die gedeelte Sal valse getuienis lewer nie is weggeneem.

14:6 Dele van die Versgedeelte is weggelaat.

15:29 Die woord Evangelie is weggelaat.

16:24 Die hele Versgedeelte is weggelaat.

- **Die Boek 1 Korinthiërs.**

6:20 Dele van die Vers is weggelaat.

7:5 Die woord Vas is weggelaat

7:39 Die gedeelte Deur die wet gebonde is weggelaat.

10:28 Dele van die Vers is weggelaat.

11:24 Die woorde Neem eet is weggeneem.

15:47 Die woord Here is weggeneem.

16:22 Die woorde Die Here Christus is weggelaat.

16:23 Die woord Christus is weggeneem.

- **Die Boek 2 Korinthiërs.**

4:10 Die woord Here is weggelaat.

5:18 Die woord Jesus is weggelaat.

11:31 Die woord Christus is weggelaat.

- **Die Boek Galasiërs.**

3:1 Die gedeelte Om die waarheid nie gehoorsaam is weggelaat.

3:17 Die woorde In Christus is weggelaat.

4:7 Die woorde Deur Christus is weggelaat.

6:15 Die woorde In Christus is weggelaat.

6:17 Die woord Here is weggelaat.

- **Die Boek Efesiërs.**

3:9 Die woorde Deur Jesus Christus is weggelaat.

3:14 Die gedeelte Van ons Here Jesus Christus is weggelaat.

5:30 Die gedeelte Van Sy vlees en van Sy bene is weggelaat.

6:1 Die gedeelte In Die Here is weggelaat.

6:10 Die woorde My broeders is weggelaat.

- **Die Boek Filippense.**

3:16 Die gedeelte Laat ons een gesind wees is weggelaat.

Die Boek Kolossense.

1:2 Die gedeelte Die Here Jesus Christus is weggelaat.

1:14 Die gedeelte Deur Sy Bloed is weggelaat.

1:28 Die woord Jesus is weggelaat.

- Die Boek 1Thessalonisense.

2:19 Die woord Christus is weggelaat.

3:11 Die woord Christus is weer weggelaat.

3:13 Die woord Christus is ook weer weggelaat.

- Die Boek 2 Tesselonisense.

1:8 Die woord Christus is weer weggelaat.

- Die Boek 1 Timóteús.

1:17 Die woord Alleenwyse is weggelaat.

2:7 Die woord Christus is weggelaat.

3:16 Die woord God is weggelaat.

4:12 Die woorde In gees is weggelaat.

6:5 Die gedeelte Onttrek jou aan sulke mense is weggelaat.

- Die Boek 2 Timóteús.

1:11 Die gedeelte Van die heidene is weggelaat.

4:1 Die woord Here is weggelaat.

4:22 Die woorde Jesus Christus is ook weggelaat.

- Die Boek Titus.

1:4 Die woord Here is weggelaat.

- Die Boek Filemon.

1:6 Die woord Here is weggelaat.

1:12 Die gedeelte Neem Hom aan is weggelaat.

- Die Boek Hebreërs.

1:3 Die woorde Deur Homself is weggelaat.

2:7 Die gedeelte En Hom oor die werke van U hande aangestel Is weggelaat.

3:1 Die woord Christus is weggelaat.

7:21 Die gedeelte Volgens die orde van Melgisédek is weggelaat.

10:30 Dele van die Vers is weggelaat.

10:34 Die gedeelte In die Hemel is weggelaat.

- Die Boek Jakobus.

5:16 Die woord Misdade is weggelaat.

- Die Boek 1 Petrus.

1:22 Die gedeelte Deur Die Gees is weggelaat.

4:1 Die woorde Vir ons is weggelaat.

4: 14 Groot gedeeltes van hierdie Versgedeelte is weggelaat.

5:11 Die woord Heerlikheid is weggelaat.

Die Boek 2 Petrus.

2:17 Die woorde Vir ewig is weggelaat.

3:9 Die woord Ons is verander na Julle.

- Die Boek 1 Johannes.

1:7 Die woord Christus is weggelaat.

4:3 Die gedeelte Jesus Christus in die vlees gekom het nie is weggelaat.

4:9 Die woord Eersgeborene is weggelaat.

4:19 Die woord Hom is weggelaat.

5:7 Hierdie Versgedeelte is geheel en al weggelaat.

5:8 Hierdie Versgedeelte is geheel en al ook weggelaat.

5:13 Dele van hierdie Versgedeelte is weggelaat.

- Die Boek Judas.

1:25 Die woord Alleenwyse is weggelaat.

- Die Boek Openbaring.

1:8 Die gedeelte Die begin en die einde is weggelaat.

1:11 Dele van hierdie Versgedeelte is weggelaat.

- 2:13** Die woorde Jou werke is weggelaat.
- 5:14** Die gedeelte Hy wat lewe tot in alle ewigheid is weggelaat.
- 8:13** Die woord Engel is vervang met die woord Arend.
- 11:17** Die gedeelte En wat kom is weggelaat.
- 12:17** Die woord Christus is vir die hoeveelste keer weer weggelaat.
- 14:5** Die gedeelte Voor die troon van God is weggelaat.
- 16:17** Die gedeelte Van die hemel gekom is weggelaat.
- 20:9** Die woord God is weer weggelaat.
- 20:12** Die woord God is vir die hoeveelste keer weggelaat.
- 21:24** Die gedeelte En die nasies van die wat gered is, is weggelaat.
- 22:19** Die woord Boek word vervang met die woord Boom.

1). Nadat u nou self elkeen van hierdie genoemde blatante, onverantwoordelike, korrupte en verdraaide resultate van die Westcott en Hort se Nuwe Griekse Nuwe Testament teks (Vertaling) ervaar het, weet ek NIE hoe enige regdenkende Afrikaans sprekende Christelike Bybelleser, nog enige waarde kan heg aan die 1983 Afrikaanse Bybel as die Ware Woord van God nie, en dan het ek as nog "nie" eers een verandering of weglating in die Ou Testamentiese geskrifte vir u genoem nie.

2). Ek vertrou dat hierdie hele inligtingdokument vir u tot groot seën was.

Mooi dag.

Professor Hannes Redelinghuys (Ph.D.).(Eskat.).(Calvary Univ.).(Kanada).